

Job creation • Education • Health • Quality basic services • Human settlements & local government • Ethical and developmental state • A better Africa and world

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

November 2019 Uitgawe 2



**What to expect when reporting a GBV-related crime**

**Page 4**



**Finding a purpose through art**

**Page 16**

**JOBS INSIDE:**

# Sukuma Ndoda!



**Ending abuse starts with you.**

**Men working together to end abuse #16Days**



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

**CONTACT US**

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

**Tshedimosetso House:**

1035 cnr Frances Baard and Festival streets Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**

# More funds pumped into fighting abuse



## More Matshediso

**P**resident Cyril Ramaphosa recently updated Parliament and the nation on efforts to end Gender-Based Violence and Femicide (GBVF).

A few months ago, the President asked Parliament to approve the Emergency Action Plan to combat GBVF. He has

since announced that government will commit R1.1 billion towards the implementation of the plan.

"National Treasury has written to key departments and entities, asking them to urgently identify funds that can be re-prioritised. Departments must be commended for readily and swiftly responding to this call. We are now in a position to

allocate more than R1.6 billion from the 2019/20 financial year baseline spending allocation," the President said.

"We know that GBV often has its roots in social, cultural and other norms that perpetuate patriarchy and chauvinism. We also know we have to focus on prevention as the first point of intervention," he said.

The President said the Depart-

ment of Social Development will, in collaboration with other departments, drive the roll-out of programmes that will engage with men's formations, traditional leaders, student organisations, youth groups, offenders inside prisons, officials working in the criminal justice system and communities at large.

He also announced that 200 social workers will be appointed to provide targeted services to survivors at various social services centres, including the national network of Thuthuzela Care Centres.

The President said work is being done to enhance our current legal and policy framework to make it more responsive to the needs of GBV survivors.

"This includes bail and sentencing reform to ensure that perpetrators face justice and that the law acts as an effective deterrent," said the President.

Meanwhile, Cabinet has welcomed the recent 20 life sentences and 758 years' imprisonment sanctions handed down to serial rapist Bongani Lucky Masuku, as well as the life sentence handed to convicted rapist Nicholas Ninow.

"This sends a strong message to perpetrators that our criminal justice system will not tolerate crimes against women and children," said Minister in the Presidency Jackson Mthembu said. **U**

**The GBV Command Centre can be reached at 0800 428 428. Alternatively, send a please-call-me to \*120\*7867# or log onto the website [www.gbv.org.za](http://www.gbv.org.za).**

## Regshulp vir GGG-slagoffers



## More Matshediso

**S**lagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat nie hulle eie regsverteenvoordinging kan bekostig nie, kan hulp

kry by Legal Aid Suid-Afrika, sê die Hoofregspraktisyn by Legal Aid South Africa, Makgale Nkgapele.

Legal Aid Suid-Afrika is 'n onafhanklike statutêre liggaam wat daarop gerig

is om regshulp aan mense te verleen wat nie hulle eie regsverteenvoordinging kan bekostig nie.

"Ons het 'n nasionale voetspoor van 64 plaaslike kantore en 64 satellietkantore,

waar ons interne prokureurs en advokate het om die publiek met kriminele en siviele sake te help," sê Nkgapele.

Nkgapele sê voorts dat die onafhanklike liggaam 32 regsentrums gevestig het wat landwyd regshulp verskaf. Hulle is gewoonlik naby howe geleë en elke sentrum bedien tussen 10 en 20 howe.

Die organisasie het in 2018/19 altesaam 724 000 mense gehelp.

Nkgapele sê dat Legal Aid Suid-Afrika 'n middeletoets gebruik om te bepaal wie vir sy dienste kwalifiseer.

"Die middeletoets kyk onder meer na die aansoeker se inkomste, sowel as sy/haar bates," verduidelik hy.

"As jy R7 400 of minder per maand, ná belastingaftrekkings verdien, sal jy vir regshulp kwalifiseer. As jy egter die middeletoets met 'n sekere bedrag oorskry, wat minder as R1 300 is, sal jy dalk steeds vir regshulp kwalifiseer, na goedgevoel van die hoofkantoor," voeg hy by.

Hy sê dat mense wat 'n staatstoelaag of ouderdoms-

pensioen ontvang outomaties kwalifiseer en nie die middeletoets hoef te doen nie. Hulle moet egter amptelike dokumente kan voorsien, wat bewys dat hulle toelaes ontvang.

Nkgapele sê dat kinders in kriminele sake outomaties ook vir regshulp kwalifiseer en nie die middeletoets hoef te doen nie. As dit 'n siviele saak is, moet die kind se gesin die middeletoets doen en slaag. **U**

## Hoe om Legal Aid te kontak

Besoek enige van hulle kantore regoor die nege provinsies.

Skakel die tolvrye nommer: 0800 110 110 (Maandag tot Vrydag 7vm. tot 7nm.).

Gebruik hul Please Call Me-diens: 079 835 7179.

Doen navraag op hulle webwerf:

[Legal-aid.co.za](http://Legal-aid.co.za)

# Wat om te verwag wanneer 'n GGG-verwante misdaad aangemeld word



Om 'n verkragting of enige ander insident wat met geslagsgebaseerde geweld (GGG) verband hou, aan te meld, kan angswakkend en intimiderend wees.

Vuk'uzenzele het 'n stap-vir-stap gids saamgestel om oorlewendes 'n idee te gee wat om te verwag wanneer hulle 'n GGG-verwante misdaad by 'n polisiestasie aanmeld.

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) onderneem om seker te maak dat sekondêre viktimisasie nie plaasvind wanneer iemand wat verkrag is na 'n polisiestasie toe gaan

om hulle storie te vertel nie. 'n Verkragtingsaak kan by die SAPD aangemeld word deur die 24-uur noodsentrum vir die aanmelding van misdaad te skakel by 10111, of deur hul naaste polisiestasie te besoek.

Die slagoffer mag deur 'n persoon van sy/haar keuse bygestaan word tydens die onderhoud en kan verwag dat die onderhoud in 'n omgewing plaasvind wat óf bekend, óf gerusstellend is.

Sodra die polisie genoeg inligting gekry het, moet 'n dossier oopgemaak word, op die Misdaad-administrasiestelsel

geregistreer word en 'n beëdigde verklaring moet afgeleë word, waarin die volgende duidelik uiteengesit moet word:

- Die tyd, datum en plek van die oortreding.
- Die aard van die oortreding en manier hoe dit gepleeg is.
- Die eerste persoon vir wie die mishandelde persoon van die aanval vertel het.
- Enige besonderhede aangaande oortreder(s) of moontlike ooggetuies wat kan help om die verdagte in hegtenis te neem.

'n Mediese ondersoek kan nodig wees om vas te stel of daar enige bewyse is wat in die hof kan help. Dit is dus noodsaaklik dat die slagoffer so vinnig moontlik ondersoek word, selfs as die aanval meer as 72 uur vroeër plaasgevind het, of die slagoffer reeds gewas het.

Die staat sal die mediese ondersoek, wat deur 'n mediese deskundige gedoen sal word,

se koste dra. Geen man mag teenwoordig wees wanneer 'n vroulike slagoffer medies ondersoek word nie, en omgekeerd. Selfs iemand van dieselfde geslag mag slegs by die mediese ondersoek teenwoordig wees as die slagoffer daartoe instem.

## Nasorg vir slagoffers

'n Slagoffer van seksuele mishandeling het 'n traumatiese ervaring gehad en sal waarskynlik een of ander vorm van berading moet kry.

As die slagoffer 'n kind is, moet 'n beampte wat deur die Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Oortredings (GKS) opgelei is, of 'n gespesialiseerde berader, gekontak word. Daar kan besluit word dat dit in die kind se beste belang is om na 'n plek van veilige sorg geneem te word.

## Dit is die ondersoekbeampte se verantwoordelikheid om:

- die slagoffer in te lig oor die besonderhede van beskikbare mediese- en beradingsdienste in die omgewing en om redelike hulp om toegang daartoe te verkry, te verleen;
- te verseker dat gepaste stappe geneem word om kinders en ander kwesbare slagoffers, te beskerm.

Die ondersoekbeampte sal die slagoffer inlig oor enige verwickelinge in die saak en moet die hofproses aan die slagoffer verduidelik om haar vir die hofsak voor te berei.

Op die dag van die hofsak of vroeër, sal die ondersoekbeampte op versoek van die slagoffer, vir haar 'n afskrif van haar verklaring gee om deur te lees en haar geheue te verfris. **V**

## HET JY GEWEET?

- Die naam van 'n verkragtingslagoffer mag nie deur die media bekendgemaak word nie.
- Enigiemand wat weet van die seksuele mishandeling van 'n kind of geestelik gestremde persoon word wetlik verplig om die voorval by die polisie aan te meld.
- As jy 'n slagoffer van 'n seksuele oortreding is, moet jy jou nie was, skoon onderklere aantrek of jou mond uitspoel voordat jy 'n mediese ondersoek gehad het nie.
- Geen slagoffer mag weggevoer word omdat die oortreding lank terug of by 'n ander polisiestasie se regsgebied, plaasgevind het nie.

**\*Dié inligting is deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens, verskaf**

## Nuttige nommers vir GGG-slagoffers

Daar is verskeie organisasies in Suid-Afrika wat slagoffers van GGG om hulp kan nader nadat hulle mishandel is.

Vuk'uzenzele het 'n lys van plekke saamgestel waar oorlewendes van mishandeling kan aanklop vir hulp.

### People Opposed to Women Abuse (POWA)

POWA verleen regshulp asook berading oor die telefoon sowel as van aangesig-tot-aangesig aan vroue wat mishandel is.

**Webwerf:**  
<https://www.powa.co.za/POWA/>  
Telefoon: 011 6424346

### Childline Suid-Afrika

Dié nuwingsgewende organisasie help mishandelde kinders en hulle gesinne. Hulle hanteer kwessies soos fisiese en seksuele mishandeling, middelmisbruik, gedragsprobleme en mensehandel en gee ook regsadvies.

**Webwerf:**  
<http://www.childlinesa.org.za/>  
Tolvrye hulplyn: 0800 055 555

### Kinderwelsyn Suid-Afrika

Kinderwelsyn Suid-Afrika fokus op kinderbeskerming, kindersorg en gesinsontwikkeling. Verwaarlosing en kindermishandeling kan ook by hulle aangemeld word.

**Webwerf:**  
<https://www.powa.co.za/POWA/>  
Telefoon: 074 080 8315

### Vereniging vir Huweliks- en Gesinslewe van Suid-Afrika (FAMSA)

FAMSA bied berading en onderrig om huweliks- en gesinsverhoudings te help verbeter. Hulle verleen hulp en bemiddeling in gevalle van huishoudelike geweld en egskeidings. FAMSA het landwyd kantore.

**Webwerf:**  
<https://www.powa.co.za/POWA/>  
Telefoon: 011 975 7106/7

### Tears-Stigting

Dit is 'n nuwingsgewende organisasie wat in 2012 gestig is en verskaf 'n databasis van mediese, regs- en sielkundige dienste wat in Suid-Afrika beskikbaar is om slagoffers wat verkragting of seksuele mishandeling oorleef het, te help.

**Webwerf:**  
<https://www.powa.co.za/POWA/>  
Telefoon: 010 590 5920

### Geslagsgebaseerde Geweld (GGG)-bevelsentrum

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het in November 2013 'n GGG-bevelsentrum oopgemaak. Dit is 24 uur per dag, regdeur die jaar oop en help slagoffers van

GGG.

Die bevelsentrum kan op verskeie maniere gekontak word, insluitend hul tolvrye noodnommer by 0800 428 428, of deur 'n *Please Call Me* na \*120\*7867#, te stuur.

Jy kan ook *Help Me GBV* by jou Skype-kontaklys voeg en 'n boodskap stuur. Dié platform word ook gebruik om slagoffers van die dowe gemeenskap te help wat Suid-Afrikaanse Gebaretaal gebruik om te kommunikeer. **V**

**Ander opsies is om die woord 'Help' aan 31531 te SMS, of om [www.gbv.org.za](http://www.gbv.org.za) te besoek**